



**Wat dink u
van die**

Christus?

PJ de Bruyn

Nou kan u ook die betekenis van die verlossingswerk van Christus vir u persoonlik saam met antwoord 60 van die Heidelbergse Kategismus soos volg aandui: "Al kla my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooe van God swaar gesondig en geeneen daarvan onderhou het nie, en dat ek nog tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken asof ek nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, vir sover ek die weldaad met 'n gelowige hart aanneem."

Op hierdie laaste kom dit aan: u moet die weldaad van God in Christus met 'n gelowige hart aanneem.

Wie glo, word gered, maar wie nie glo nie, gaan verlore.

Nou kan u ook die antwoord van Paulus en Silas, sy metgesel, aan die tronkbewaarder van Filippi verstaan. Toe hy in angs en groot benoudheid aan hulle gevra het: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" het hulle geantwoord: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word" (Hand. 16:30, 31).

Dit moet u ook doen!

Sal dit ook met u die geval wees?

WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS?

In die voorgaande is nou aan u meegedeel wie Jesus Christus is, wat Hy gedoen het en nog doen en nog sal doen, en wat die betekenis van sy verskillende dae is.

Nou moet ons dus terugkom na die vraag wat heel aan die begin aan u gestel is: Wat dink u van die Christus?

Op die vraag móét daar geantwoord word, en alle mense antwoord ook deur hulle woorde en dae daarop. Daaruit blyk immers of hulle Hom gelowig as Saligmaker aanneem, of nie.

En u, wat is u antwoord op die vraag?

Wie is Jesus Christus vir u?

Daar is mense wat Hom beskou as die hooffiguur in 'n fabel waarin daar geen waarheid steek nie. Ander beskou Hom wel as 'n historiese persoon, weliswaar as 'n besondere mens, as 'n groot profeet wat mooi en treffende dinge kon sê, maar meer as 'n besondere mens is Hy vir hulle nie.

Is dit miskien ook die opinie wat u van Hom het?

Of beskou u Hom as u persoonlike Heiland en Saligmaker? Glo u dat Hy gekom het om ook vir u sondes te kom betaal en u ewig daarvan te verlos, sodat ook u deur sy toedoen die ewige lewe en heerlikheid kan binnegaan?

As u dit glo, dan het u waarlik redding en verlossing gevind. Dan swaai die deure na die ewige saligheid vir u oop. Dan het u rus vir u siel, en vrede vir u gemoed gevind.

Al is u sonde berge-hoog, en al moet u nog daagliks daarteen stry, tog kan u seker wees dat Christus deur sy borgtogtelike lyde al hierdie sondes van u weggeneem het en vir u in die plek daarvan die rykdom van God se genade verwerf het.

Wat dink u van die Christus?

Prof PJ de Bruyn



Prof PJ de Bruyn

2016

Tweede uitgawe: 2016

© CJBF 2016

Kopiereg voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag in enige vorm of op enige manier sonder die skriftelike toestemming van die publiseerders weergegee word nie. Dit sluit fotokopiëring en skandering van die boek in.

Inhoud

| | |
|---|----|
| WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS? | 1 |
| WIE IS JESUS CHRISTUS? | 1 |
| 1 Hy is 'n historiese Persoon. | 1 |
| 2 Christus is die Saligmaker. | 3 |
| 3 Christus is waaragtige God en waaragtige mens. | 8 |
| 3.1 Christus is waaragtige, regverdige mens. | 8 |
| 3.2 Christus is waaragtige God. | 9 |
| 4 Christus se lewe en werk. | 10 |
| 4.1 Sy geboorte. | 10 |
| 4.2 Sy jeug. | 12 |
| 4.3 Die begin van sy openbare optrede. | 13 |
| 4.4 Sy prediking. | 14 |
| 4.5 Sy wonderwerke. | 17 |
| 4.6 Groeiende haat van die Jode teen Christus. | 19 |
| 4.7 Sy lyde. | 21 |
| 4.8 Sy dood en opstanding. | 24 |
| 4.9 Sy hemelvaart. | 26 |
| 4.9.1 Ons Voorspraak en Advokaat. | 27 |
| 4.9.2 Hy berei ons plek, en ons vir die plek. | 28 |
| 4.9.3 Hy regeer kerk en wêreld. | 29 |
| 4.10 Sy wederkoms. | 31 |
| WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS? | 34 |

besig om 'n boek te skrywe - die boek van sy eie lewe. Onuitwisbaar word elke daad, woord en gedagte in die boek ingegrif. En op die dag van Christus se wederkoms word die boeke geopen en elkeen word geoordeel volgens dit wat in die boeke geskryf is.

Die wat nie in Christus geglo het nie, sy soenverdienste verwerp het, en sy geboorte verag het, sal veroordeel word en saam met Satan weggestuur word na die ewige smarte van die hel. Vir hulle wag die bitterste lyde na liggaam en siel - vir ewig!

Die wat egter wel in Christus geglo het, Hom gedien en geëer het, sal op grond van sy borgtogtelike lyde en soenverdienste vrygespreek word van hulle sondes, en die ewige lewe en geluksaligheid beërwe. Hoewel hulle werklik skuldig is vanweë hulle sonde, sal hulle tog uit genade deur die verlossingsdaad van die Here ewige redding en saligheid verkry. Daarom hoef hulle die wederkoms van Christus, en die oordeelsdag wat kom, nie met vrees en bewing tegemoet te gaan nie, want hulle weet dat die Regter voor Wie hulle sal verskyn, self met sy eie bloed vir al hulle sondes ten volle betaal het. Hy, die Regter, wat self eenmaal in ons plek, en belaaie met ons sondes, voor God as Aangeklaagde en Beskuldigde gestaan het, sal op grond van sy eie soenverdienste sy kinders vryspreek en hulle die ewige lewe laat beërwe.

Daarna neem Hy al sy verlose kinders om ewig saam met, Hom op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel te gaan woon. Daar sal hulle net vreugde, geluk en blydskap smaak. Daar sal hulle deel hê aan 'n heerlijkheid wat groter is as wat enige oog gesien, enige oor gehoor en in die hart van enige mens ooit opgekom het.

Dan sal Christus se verlossingswerk ten opsigte van sy kinders heeltemal voltooi wees.

hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Die wederkoms van Christus is die magtige gebeurtenis waarop die hele wêreldgeskiedenis uitloop.

By sy tweede koms sal Christus egter nie weer in vernedering en armoede kom nie, maar in mag en majesteit en groot heerlikheid. Hy sal kom op die wolke van die hemel, duidelik sigbaar en kenbaar vir alle mense. Dit word duidelik aan ons gesê in Openbaring 1: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het."

In die laaste dae voor sy koms sal die gelowiges op die verskriklikste wyse vervolgd en verdruk word. Satan sal ontbind word en toegelaat word om vir 'n kort rukkie met al sy mag en woede aan te storm op die kerk, met die doel om dit te vernietig. Hy sal dit veral doen deur middel van 'n groot wêrelddiktator wat in die Bybel die Antichris genoem word.

Aan hierdie verdrukking en vervolging van die gelowiges sal daar egter skielik 'n einde kom as Christus verskyn op die wolke van die hemel.

Met sy wederkoms sal alle mense opgewek word uit die dode. Dan sal hulle kom en voor Hom verskyn om deur Hom as Regter geoordeel te word. Paulus sê van die oordeel die volgende: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (II Kor. 5:10). Hoe dit sal gebeur, teken Johannes vir ons in Openbaring 20:12 soos volg: "En die boeke is geopen ... En die dode is geoordeel na wat in die boeke opgeskryf is, volgens hulle werke."

Met die boeke waarvan hier gespreek word, word bedoel die gewetens van die mense. Elke mens is, of hy dit wil weet of nie,

WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS?

Wat dink u van die Christus?

Dit is 'n baie belangrike vraag. Beter gestel: dit is die mees beslissende vraag in die lewe van enige mens, en dus ook in u lewe.

Dit is die vraag waardeur u gestel word op die punt waar u lewenspad vork, waar twee weë uitmekaar gaan. Een van die twee paaie moet u kies. Watter een van die twee paaie u gaan kies, hang af van u antwoord op die vraag: Wat dink u van die Christus?

Voordat u antwoord gee op die allesbeslissende vraag, wil ek eers kortliks aan u vertel wie hierdie Christus is.

WIE IS JESUS CHRISTUS?

1 Hy is 'n historiese Persoon.

Jesus Christus is 'n historiese Persoon wat byna twintig eeue gelede hier op aarde geleef het. Van die lewe en bestaan van hierdie Christus word melding gemaak deur Tacitus, 'n Romeinse geskiedskrywer wat geleef het van ongeveer 54 tot 117 n.C. In sy boek "Annales" maak hy daarvan melding dat Jesus Christus onder die regering van keiser Tiberius deur die goewerneur Pontius Pilatus tereggestel is. Ook het die Joodse geskiedskrywer, Flavius Josephus (37—100 n.C.), enkele male in sy geskrifte van Jesus Christus melding gemaak.

Veel belangriker as hierdie gegewens is egter die mededelings in die Bybel self aangaande Hom.

In Matthéüs 18:16 lees ons dat Christus gesê het dat in die mond van twee of drie getuies elke woord sal vasstaan. Maar om ons skeptiese en twyfelende mense werklik te verseker van die historisiteit van Jesus Christus, het God in die vier evangelies

van Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes aan ons vier getuïenisse van vier afsonderlike getuïes van Jesus Christus en van sy doen en late gegee.

Van hierdie vier was Matthéüs en Johannes vir drie jaar lank oog- en oorgetuïes van Hom en sy handeling.

Johannes verseker ons plegtig: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en met ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe ... verkondig ons aan julle" (I Joh. 1:1, 3). Dit is asof Johannes nie woorde genoeg kan vind om ons te verseker dat wat hy ons mededeel aangaande Christus, geen selfgemaakte stories is nie, maar werklike historiese feite.

Dit word algemeen aanvaar dat in die evangelie volgens Markus die prediking van Petrus opgeteken is, en Petrus was ook 'n dissipel en derhalwe 'n oog- en oorgetuïe van Christus. Bowendien verseker Petrus ons ook van die historisiteit van Jesus, as hy sê: "Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en die koms van ons Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit" (II Petr. 1:16).

Wat Lukas betref — hy was geen apostel nie en dus in 'n sekere sin 'n buitestaander. As hy op hoogte wou kom van alles omtrent Jesus Christus, moes hy behoorlik ondersoek en wetenskaplik navorsing gedoen het. Dit het hy ook inderdaad gedoen. Daarom begin hy ook sy evangelie met die volgende belangrike mededeling: "Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons vervul is, soos hulle wat van die begin af ooggetuïes en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, het ek ook dit goedgevind, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles

Natuurlik moet ons self met alle mag stry teen die sonde, stry teen alle ongeloof en twyfel waarmee die duiwel ons lewens wil verongeluk en ons wil losruk van Christus af. En as ons waarlik in alle erns stry, sal ons vind dat die Here ook krag gee om nog verder te kan volhard in die stryd. Maar per slot van rekening is dit Christus, ons almagtige Koning self wat ons so bewaar en beskerm dat niks ons

van Hom en van sy liefde kan skei nie. Daarom kan Paulus ook op so 'n treffende wyse soos volg getuig: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Rom. 8:38, 39).

En nou weer my vraag aan u: Is Christus ook ú Koning? Laat u uself deur Hom met sy Woord en Gees regeer? Soek u u ewige beskerming en bewaring by Hom?

Alleen as u dit doen, kan u seker wees van u ewige redding en saligheid.

4.10 Sy wederkoms.

Christus kom weer — dit leer die Bybel ons in duidelike taal.

Christus self het dit by herhaling aangekondig dat Hy eendag weer sal kom. En by sy hemelvaart is twee engele spesiaal deur God uit die hemel gestuur om die apostels, en deur hulle al die gelowiges van alle tye, nogmaals te verseker dat Christus werklik weer sal kom. Dit word soos volg beskrywe in Handeling 1:10 en 11: "En toe hulle (die apostels) nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle wat sê: Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die

Om te kan regeer, moet 'n regeerder wette maak en toesien dat die wette gehoorsaam word.

Die wette waarvolgens Christus ons regeer, vind ons in die Bybel. Daarin bied Hy ons volledige voorligting oor wat Hy wil hê wat ons moet doen. Hy toon daarin aan watter loon, daar wag op die wat reg in Hom glo en na sy gebooie luister, maar ook watter vreeslike straf wag op die wat Hom verwerp en sy gebooie in ongehoorsaamheid verag.

Christus regeer ons verder deur sy Heilige Gees wat tien dae ná sy hemelvaart uitgestort is.

Hierdie regering ook deur sy Heilige Gees beteken nie dat Hy ons deur sy Gees iets anders leer of beveel as wat in die Bybel staan nie; intendeel, deur sy Gees word ons juis aan sy Woord gebind. Deur sy Gees laat Hy ons sy gebooie reg verstaan, sodat ons presies kan weet wat Hy van ons verwag. Deur sy Gees maak Hy ons ook gewillig om die wette uit te voer wat ons in sy Woord vind.

As ons almagtige, hemelse Koning regeer Christus ons nie net nie, maar bewaar en beskerm Hy ook sy kinders, sodat niks hulle hul deelgenootskap aan die verlossing deur Christus en hul plek in die Vaderhuis kan ontnem nie.

Die gelowiges maak soms moeilike tye deur. Dikwels is hulle al verdruk en vervolgd ter wille van hulle geloof. Dikwels is hulle beroof van al hulle aardse besittings, omdat hulle Christus nie wou verloën nie. Maar Christus beskerm sy kinders só, dat, al word alles van hulle ontnem, een ding nooit van hulle ontnem kan word nie, en dit is hulle geloof, hulle band aan Christus, hulle plek in die Vaderhuis, en so hulle deelgenootskap aan die ewige saligheid en heerlijkheid. Christus self sorg daarvoor.

noukeurig ondersoek het om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is" (Luk. 1:1-4).

Waar ons nou vier sulke getuïenisse aangaande Christus het, en waar die ander skrywers van die Nuwe Testament voortdurend van Christus spreek, daar moet ons glo dat Hy nie maar 'n legendariese figuur is wat ons slegs as idee of simbool moet verstaan nie, maar dat Hy werklik 'n historiese Persoon is. Wie teen al hierdie getuïenisse in, nog die historisiteit van Jesus Christus loën, is net so dwaas soos iemand wat iets met sy eie oë aanskou, en tog weier om te glo wat hy sien. Vir so 'n persoon moet Plato, Aristoteles, Napoleon Bonaparte, Jan van Riebeeck en Paul Kruger ook legendariese figure wees wat in werklikheid nooit gelewe het nie.

2 Christus is die Saligmaker.

Die eerste vraag wat u hier sal stel, sal seker wees: Wat is 'n saligmaker presies?

Salig beteken ongeveer dieselfde as gelukkig.

As Jesus Christus nou die Saligmaker van die mense genoem word, beteken dit dat Hy die Een is wat ons gelukkig kom maak het.

Ja, daarvoor het Christus na die aarde gekom: om ons gelukkig te maak - intens gelukkig so lank ons op hierdie aarde is, maar ook gelukkig by en na ons dood.

Nou begryp u natuurlik heel goed dat as gesê word dat Jesus Christus gekom het om u gelukkig te maak, dit impliseer dat u eintlik ongelukkig is. Ja, dit is so.

Miskien stem u nie saam nie. Miskien sal u sê: Ek is gelukkig in my werk. Ek is gelukkig getroud. Ek is gelukkig in my ontspanning.

U sê dit nou wel, maar is dit inderdaad altyd die geval? Kom daar nie soms oomblikke in u lewe dat u diep ongelukkig voel, en eintlik niks kan vind wat die gevoel werklik van u kan wegneem nie? Hoe voel u by die dood van 'n dierbare, in probleme, krisis, rampe, ensovoorts? Voel u dan nie hoe u geluk, of dit waarin u u geluk gesoek het, onder u voete verkrummel nie?

En het u al gekyk na die mense rondom u? Het dit u opgeval met hoeveel ywer hulle soek na geluk. Hulle soek na geluk in hulle werk, in hulle huwelik, in hulle ontspanning, in hulle geld. Tog staan hulle dikwels net soos u verslae, omdat hulle die geluk nie vind by die mense en in die dinge waarin hulle dit soek nie.

Waarom is dit so?

Dit is so, omdat die bodem waaruit ons lewe groei en waarop ons lewensgebou rus, vol is van ongeluk.

Hierdie ongeluk het sy oorsprong in die sonde.

Deur die sonde het daar skeiding tussen God en ons gekom.

Deur sy sonde het die mens van God wat alleen ware geluk kan skenk, vervreem geraak, en 'n slaaf van Satan, die bewerker van alle ongeluk, geword.

In die Bybel lees ons hoe die sonde in die wêreld, en spesifiek in die lewe van die mens, ingekom het.

God het aan ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys beveel dat hulle nie mag eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. As hulle na Hom sou luister en nie eet nie, sou hulle en hulle nageslag die ewige lewe en ewige vreugde en saligheid verkry. Maar as hulle ongehoorsaam is, en wel eet, sal hulle sterwe. Hulle sal dan nie slegs liggaamlik sterwe nie, maar

ook daardeur onder leiding van sy Gees gekap en geskaaf kan word vir ons plek wat Hy in die Vaderhuis vir ons regmaak.

Sodra Christus ons plek klaar berei het, en ons klaar berei het vir ons plek, neem Hy ons uit hierdie lewe weg. Dit gebeur voorlopig met ons dood, en finaal met die wederkoms van Christus. Daarom kan ons verstaan dat Paulus sê dat as die gelowige moet sterwe, dit vir hom niks anders beteken nie, as dat hy heengaan om met Christus te wees, en dit is tog verreweg die beste (Fil. 1:23).

4.9.3 Hy regeer kerk en wêreld.

Terwyl Christus in die hemel is, tree Hy ook op as Koning wat alles regeer. Hy kán dit ook doen, want God het aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee.

As Koning wat sit aan die regterhand van sy Vader, regeer Hy die ganse wêreld. Hy het die stuurwiel van die wêreldgeskiedenis in sy hande, en Hy laat alles so plaasvind soos Hy dit graag wil, en soos sy Vader dit bepaal het.

Vir ons lyk dit nie altyd so nie. Dit lyk vir ons dikwels veel eerder of die mens, of sekere mense altans, op die troon sit en die geskiedenis van die wêreld bepaal. Hulle neem besluite oor oorlog en vrede.

Tog is dit nie die geval nie.

Alles staan uiteindelik onder die hoë bewind van Christus. Om sy doel te bereik, laat Hy, as dit nodig is, die nasies oorlog verklaar en vrede sluit. Só alleen kan ons dit verstaan dat mense wat daarop uit was om die kerk te breek, uiteindelik teen hulle eie sin en wil meegehelp het om dit te bou.

In heel besondere sin regeer Christus egter sy kerk, sy gelowiges van sy hemeltrou af. Hy regeer hulle veral deur sy Woord, die Bybel, en sy Heilige Gees.

Nou wil ek aan u vra: Is Christus ook ú Voorspraak en Advokaat by die Vader?

As u sonde gedoen het, waarheen gaan u om hulp te kry wat u kan verlos van die vreeslike toorn van God oor die sonde?

Daar is net Een wat u waarlik kan help: Jesus Christus!

Soek Hom dan... ook as u Voorspraak en Advokaat by die Vader.

4.9.2 Hy berei ons plek, en ons vir die plek.

Terwyl Christus nou in die hemel is, doen Hy nog meer vir ons. Hy berei naamlik plek vir ons, want Hy het self gesê: "In die huis van my Vader is daar baie wonings ... Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toeneem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2, 3).

Waar in hierdie plekbereiding van Christus in die hemel bestaan, weet ons nie presies nie. Maar dit maak ook nie saak nie. Die groot saak is dat Hy vir ons in die huis van sy Vader plek berei, sodat Hy ons daar eenmaal in saligheid en heerlikheid kan ontvang.

Terwyl Christus in die hemel vir ons plek berei, is Hy ook besig om sy kinders vanuit die hemel voor te berei vir die plek wat hulle daar moet inneem. Daar is nog soveel lelike en sondige dinge in en aan ons lewens wat maak dat ons nie inpas in die plek wat Hy in die Vaderhuis vir ons berei nie. Hierdie lelike, bonkige plekke moet eers afgestamp en weggebreek word, sodat ons kan inpas in ons plek in die Vaderhuis. Daarom het Christus ook sy Heilige Gees uitgestort, sodat die ons kan help om sy Woord te verstaan, sy roepstem te hoor, om steeds gewilliger te word om die verkeerde en sondige na te laat en te doen wat Hy wil. Daarom lei Hy ons soms ook in swaar beproewings, sodat ons

ook ná hulle sterwe die ewige dood in die vreeslike smarte van die hel ingaan.

Die Satan, die grootste teëstander van God, het toe gekom en Adam en Eva verlei tot ongehoorsaamheid aan God. Teen sy uitdruklike bevel het hulle van die boom van kennis van goed en kwaad geëet.

So het die sonde in die wêreld gekom, en dit is soos 'n oorerflike siekte van die ouers na hulle kinders oorgedra.

Adam was eerste mens en hoof van die ganse menslike geslag. Daarom het hy min of meer die posisie van 'n staatshoof beklee. Nou weet ons dat as 'n staatshoof oorlog verklaar, dit nie slegs vir hom alleen van betekenis is nie, maar almal in sy land, selfs 'n pasgebore babatjie, verkeer in 'n staat van oorlog teen die volk teen wie oorlog verklaar is, en is voorwerpe van hulle bomaanvalle.

Omdat Adam as hoof van die menslike geslag gesondig het, en omdat die sonde van die ouers na hulle kinders oorgedra word, staan ons almal as sondaars en skuldenaars voor God. So het die sonde as die diepste sielsbederf in ons lewens ingekom en ons ons ware geluk en vreugde kom ontnem.

Deur hierdie sonde wat ons ook in ons eie liggaam en siel rondra, het die neiging by ons ontstaan om self ook nog meer sonde te doen deur ons gedagtes, woorde en werke. En hoe meer sonde ons doen deur ongehoorsaam aan God en sy gebooie te wees, hoe minder smaak ons die ware geluk in ons lewe.

Ware geluk kan alleen gevind word in 'n lewe in volle gemeenskap met God, die ewige en ware Gewer van geluk. Maar die sonde het 'n skeiding tussen God en ons laat ontstaan.

Daarom kan ons in onself of in alles wat die wêreld ons bied, geen ware geluk vind nie.

Daarom gebeur dit dat daar te midde van ons oppervlakkige geluk soms oomblikke kom waarin ons bitter ongelukkig, beangs en bang voel, dat jou senuwees begin vreet en jy ontsettend geïrriteer kan raak. Dit alles getuig maar net van een ding: deur ons sondes het ons van die ewige, ware Gelukskenker losgeraak, sodat ons nou ongelukkige wesens geword het.

Daar, in die sonde, lê dus die diepste rede vir die ongeluk van die mens en dus ook van u ongeluk.

Teen hierdie donker agtergrond van sonde en ongeluk moet ons nou Jesus Christus as Saligmaker, dit wil sê, as Gelukkigmaker sien. Hy is die Een wat gekom het om die ongeluk van ons weg te neem en in die plek daarvan aan ons ware en blywende geluk te skenk. Om dit te kon bewerk, moes Christus 'n taak verrig wat vir geen mens moontlik was of is nie. As Saligmaker het Hy in ons plek 'n werk verrig by God. Hy het ons saligheid en geluk bewerk deur die toorn van God oor ons sondes te stil. Dit het Hy gedoen deur te betaal vir ons sondes. Dit het Hy gedoen deur sy eie lewe prys te gee in die dood en deur Homself te offer vir ons sondes.

So het Hy die breuk herstel wat daar tussen God en ons was. Hy het ons weer aan God gebind en met God versoen deur vir ons vergewing van sondes te bewerk.

Weet u wat vergewing is?

Vergewing beteken in werklikheid dat twee persone (of groepe) wat deur iets van mekaar geskei is, weer by mekaar gebring word deurdat dit wat hulle van mekaar skei, oorbrug of uit die weg geruim word.

by ons nie. Na sy hemelvaart is sy liggaam, en dus sy menslike natuur, in die hemel. Maar as God is Hy alomteenwoordig. Daarom is Hy as God wel in die hemel, maar ook by ons. Na sy godheid en Gees bly Hy by ons, al die dae van ons lewe. Hy versterk en vertroos ons. Hy gee ons krag om te stry teen die sonde, en om ons roeping hier op aarde tot eer van die Here te vervul.

Terwyl Christus nou in die hemel is, is Hy nog voortdurend besig om sekere werke ten behoeve van ons te vervul:

4.9.1 Ons Voorspraak en Advokaat.

Een van die werke wat Hy vir ons verrig, is dat Hy vir ons bid. Duideliker gestel: Hy tree vir ons in as Voorspraak of Advokaat by die Vader.

Hierdie voorspraak van Christus vir ons bestaan daarin dat Hy die Vader smeek om al die sondes wat ons gedoen het en nog doen, ons nie toe te reken nie, omdat Hy self deur sy borgtogtelike lyde daarvoor betaal het. Daarom dra sy voorspraak vir ons by die Vader nie maar die karakter van 'n wens of 'n begeerte nie, maar die van 'n eis. Op grond van sy borgtogtelike lyde en soenverdienste vir ons eis Hy dat sy Vader sy voorspraak-gebede vir ons moet verhoor.

Hoe heerlik is dit nie om juis Jesus Christus - ook vandag nog! — as ons Voorspraak en Advokaat te hê nie! Voortdurend staan Hy pleitend tussen God wat die sonde nie kan verdra nie, en ons wat die sonde nie kan nalaat nie. As ek byvoorbeeld vir die soveelste keer gesondig het, ontrou gewees het, God beledig het, ensovoorts, tree Jesus self voor die aangesig van sy Vader, en sê: Vader, moenie toornig wees op hom of haar nie. U was eenmaal op Golgota, toe Ek aan die kruis gely het, op My toornig gewees ter wille van die sondes van u kinders, en daarmee is ook hierdie sonde versoen.

Die oorwinning van Christus oor die dood nou egter ook in dat die dood eenmaal heeltemal sal verdwyn. Dit sal ook inderdaad gebeur met die wederkoms van Christus. Dan sal die konsekwensies van sy oorwinning oor die dood ten volle gerealiseer word. Op die nuwe aarde sal dit deel van die volle saligheid van die kinders van God wees dat daar geen dood meer sal wees wat hulle harte met angs, en hulle oë met tranes sal vul nie.

4.9 Sy hemelvaart.

Na sy opstanding uit die dood het Christus nog veertig dae op die aarde vertoef en aan baie mense verskyn.

Aan die einde van die veertig dae het Hy sy dissipels uitgelei na 'n berg 'n klein entjie buite Jerusalem, met die naam Olyfberg. Daar het Hy sy laaste gesprek met sy dissipels gevoer, hulle daarna geseën en terwyl Hy hulle seën, het Hy begin opstyg van die aarde af, al hoër en hoër tot Hy in 'n wolk verdwyn het, en hulle Hom nie meer kon sien nie.

Ons kan die hemelvaart van Christus in 'n sekere sin sy troonsbestyging noem. Voor sy hemelvaart het Hy aan sy dissipels gesê dat alle mag in hemel en op aarde aan Hom gegee is. Beklee met hierdie almag, het Hy as Koning gaan sit aan die regterhand van God — die ereposisie vanwaar Hy voortaan alles sou bestuur en regeer.

Hoewel Christus opgevaar het na die hemel, moet ons nie dink dat Hy ons nou geheel en al verlaat en vergeet het nie. Nee, voordat Hy opgevaar het, het Hy aan sy dissipels gesê: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

As ons hierdie woorde van Christus beskou in die lig van sy hemelvaart, moet ons dit só verstaan: As mens is Hy nie meer

Dit is nou wat Jesus Christus vir ons by God gedoen het. In en deur Christus het God nou weer vir ons Immanuel — God met ons — geword. Daarvan getuig die apostel Petrus as hy sê: "Want Christus het ook eenmaal vir die sonde gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges om ons tot God te bring" (I Petr. 3:18).

So het Christus ons Saligmaker of Gelukkigmaker geword. Hy het ons salig en gelukkig gemaak deurdat Hy ons weer by God, die enigste bron en oorsprong van alle ware geluk en vreugde gebring het. Uit dit alles is dit duidelik dat Christus alléén ons weer by God kan bring en met God kan versoen. Niemand anders kon en kan dit doen nie. Daarom kan Petrus ook, as hy van Christus spreek, met volle oortuiging sê: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam in die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4: 12).

Nou moet u net onthou dat Christus ook vir u 'n Saligmaker wil wees. Hy het die bitterste van alle smarte deurly om ú ook by God te bring en ú geluk te bewerk - u geluk vir hierdie lewe en die lewe na u dood.

Vra u hoe u ook in die geluk en saligheid kan deel?

Alleen deur waarlik in Christus te glo!

Hier vind ons dus die antwoord op al die vrae en soektogte na geluk: die geloof in Jesus Christus as Saligmaker.

Sonder Hom sal u nêrens ware geluk en saligheid vind nie en gaan u soekende deur die lewe en vrees vir die dag van u dood.

Maar in en met Hom het u ware geluk en vreugde gevind, en die geluk kan niks van u wegneem nie — geen smart of lyde of selfs die dood nie.

In die Bybel lees ons dat 'n apostel eenmaal aan 'n ongelukkige man gesê het: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." Hy kon ook gesê het: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gelukkig word."

Dit geld ook vir u!

Dan is Christus ook ú Saligmaker!

3 Christus is waaragtige God en waaragtige mens.

Om vir ons waarlik 'n Saligmaker te kon wees, moes Christus sekere kwalifikasies hê. Hy moes aan sekere vereistes beantwoord. Hierdie vereistes was dat Hy 'n waaragtige, regverdige mens moes wees, en ook waaragtige God.

3.1 Christus is waaragtige, regverdige mens.

Dit is nie sonder rede dat God geëis het dat ons Saligmaker 'n ware mens moet wees nie. God is immers 'n regverdige God. Daarom het Hy kragtens sy regverdigheid of geregtigheid geëis dat die mens se sonde nie deur 'n engel of 'n dier nie, maar deur 'n mens self betaal moes word. Dit is mos nie 'n engel of 'n dier wat in die Paradys gesondig het nie, maar die mens. Daarom moes ons Saligmaker en Verlosser ook 'n ware mens wees.

Hy moes dus 'n mens soos ons wees met vlees en bloed, en gebore uit 'n vrou. Hy moes 'n stamboom en 'n geslagsregister kon aanwys. Hy moes opgroei soos elke kind, trane van droefheid kon stort, honger en dors kon hê. Niks mensliks mag Hom vreemd gewees het nie. Hy moes aan die mense in alle opsigte gelyk wees.

Daar is net een uitsondering waarin Hy nie soos alle mense moes wees nie, en dit is dat Hy geen sonde moes hê nie. Hy moes dus nie slegs 'n waaragtige mens wees nie, maar ook 'n regverdige of sondelose mens.

onweerlegbaar te bevestig dat Hy waarlik opgestaan het uit die dood.

Die opstanding van Christus uit die dood is van geweldige betekenis. Daardeur het Hy immers die dood oorwin. Die dood kon Christus nie in sy kloue hou nie.

As ons die dood 'n leeu kan noem, kan ons sê dat Christus in die hok van hierdie leeu ingegaan het, en hom in sy eie hok of woonplek oorwin het.

Hierdie oorwinning van Christus oor die dood het Hy ook borgtogtelik vir ons gedoen. Daarom is sy opstanding uit die dood vir ons ook die vaste waarborg en versekering dat ons ook eenmaal sal herlewe en sal opstaan uit ons grafte.

Ons hoef dus nou nie meer met angs en vrees vir die dood vervul te wees nie, want Christus het dit oorwin. Die dood het nou 'n dienskneg van Christus geword, en moet maar net doen wat Hy beveel.

Deur sy ingaan in die dood en oorwinning oor die dood, het Christus dit bewerk dat die dood 'n verandering van karakter ondergaan het. Waar die dood sonder die verlossingswerk van Christus slegs 'n deurgang na die ewige smarte van die hel sou wees — soos dit nog is vir die wat nie in Christus glo nie — daar het die dood nou vir ons 'n deurgang na die ewige lewe geword. Die dood wat sonder Christus vir ons die vreeslikste verskrikking sou wees, het nou 'n dienskneg van Christus geword wat die deur na die hemelse paleis met sy salige vreugde vir ons moet oopmaak.

By die lig hiervan verstaan ons ook waarom die apostel Paulus kon sê: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins ... Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste" (Fil. 1:21, 23).

ons daadwerklik deel het aan die verlossing wat Christus vir ons bewerk het.

4.8 Sy dood en opstanding.

Nadat Christus etlike ure aan die kruis gehang het, het Hy self sy gees oorgegee in die hande van sy Vader, en gesterf. Daarna is Hy begrawe deur persone wat Hom liefgehad en in Hom geglo het. 'n Groot klip is geplaas voor die opening van die graf waarin Hy begrawe is.

Op versoek van die hoofde of leiers van die Jode, het Pilatus, die Romeinse goewerneur, die graf laat verseël en 'n aantal soldate by die graf geplaas om die graf te bewaak en te verhoed dat Christus se dissipels kom en sy liggaam uit die graf steel, en dan verkondig dat Hy opgestaan het uit die dood. Die Joodse leiers was daarvoor onrustig, omdat Christus voor sy dood gesê het dat Hy op die derde dag ná sy dood sal opstaan uit die dood.

Christus is op 'n Vrydag dood en begrawe. Vroeg die volgende Sondag het daar twee engele uit die hemel neergedaal en die klip voor die opening van die graf weggeneem. Christus het weer lewendig geword, en het opgestaan uit die dood. Die koms van die engele en Christus se opstanding uit die dood het gepaard gegaan met 'n aardbewing. Dit alles het die wagte by die graf só laat skrik, dat hulle haastig in angs weggevlug het.

Na sy opstanding het Christus aan baie mense by verskillende geleenthede verskyn. By een geleentheid het Hy selfs aan meer as vyfhonderd mense tegelyk verskyn.

Hierdie verskynings van Christus aan die mense was natuurlik nie sonder rede nie. Hy het naamlik aan hulle verskyn om hulle te oortuig dat Hy waarlik opgestaan het, dat die berig van sy opstanding nie net 'n storie was nie. Daarom het Hy ook aan so baie verskyn, sodat daar genoeg getuies kon wees om

Dit is ook heeltemal te verstane. Iemand wat self 'n sondaar is, sal mos nooit in staat wees om ander sondaars van hulle sonde en skuld voor God te verlos nie. Iemand wat self diep in die skuld is, kan mos nie borg staan vir iemand anders nie.

Verstaan u nou waarom u Saligmaker en Verlosser 'n ware, maar ook 'n sondelose mens moet wees?

3.2 Christus is waaragtige God.

Om ons Saligmaker te kon wees om ons weer met God te versoen, moes Christus ook waaragtige God wees.

Om die verskriklike sware straf van God op die sondes te kon dra, om die vlamme van God se toorn oor ons sondes te kon blus, moes ons Saligmaker en Redder ook 'n waaragtige God wees. Geen mens, selfs geen sondelose mens, is daartoe in staat nie. Daarvoor is God se toorn oor, en straf op, die sonde te swaar. Ons Saligmaker moes dus 'n waaragtige God wees, sodat sy goddelike natuur sy menslike natuur sterk genoeg kon maak, en in staat moes stel om die sware toorn van God oor die sonde van die mens te kan dra.

Mens en God - en dit in een persoon verenig, so 'n Middelaar en Saligmaker het ons nodig. Hy kan dan vir ons sondes sterf, want Hy is mens, en Hy kan die toorn van God daarvoor dra, want Hy is self God.

Aan hierdie vereistes het Jesus Christus ten volle beantwoord. Hy was waaragtige mens, want Hy is gebore uit 'n vrou; Hy het opgegroeï soos elke kind; Hy was soms honger en dors; Hy het geweene; Hy het vlees en bloed soos ons gehad. Maar by dit alles was Hy geheel sonder sonde. Geen sondige gedagte, woord of daad was by Hom te vinde nie.

Maar Hy was ook waaragtige God. Ons sien dit veral in al sy goddelike wonderdade, in sy goddelike kennis en in die feit dat

Hy van mense goddelike eerbewyse en aanbidding ontvang het. Ook getuig die Bybel onomwonde van Hom dat Hy waaragtig God is. In Titus 2:13 en 14 spreek Paulus van Hom as "die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid..." Johannes noem Hom ook "die waaragtige God" (I Joh. 5:20).

Jesus Christus is dus ons ware Redder, Verlosser en Saligmaker, want Hy is 'n ware, maar sondelose mens, en terselfdertyd tog ook waaragtige God.

4 Christus se lewe en werk.

4.1 Sy geboorte.

Tussen die ontvangenis en geboorte van Christus, en die van 'n gewone mens, is daar wel ooreenkoms, maar tog ook 'n betekenisvolle verskil.

Jesus Christus is in die skoot van die maagd Maria nie verwek soos enige ander kind nie, maar Hy is in haar verwek deur God, die Heilige Gees. Daarom het die engel in antwoord op haar vraag hoe sy 'n kind kon hê aangesien sy geen man het nie, aan haar gesê: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1:35).

Jesus Christus is dus op bo-natuurlike wyse deur 'n goddelike wonder in Maria verwek.

Reeds by die ontvangenis en geboorte van Christus leer ons Hom ken as waaragtige God en waaragtige, regverdige (sondelose) mens. Hy is waaragtige God, want Hy is in Maria verwek deur die Heilige Gees. Hy is waaragtige mens, want Hy is na 'n volle swangerskap soos enige ander mens gebore. Maar omdat Hy nie deur 'n sondige mens verwek is nie, is Hy ook nie soos ander mense in sonde ontvang en gebore nie. Daarom was

Hierdie borgtogtelike lyde het die profeet Jesaja eeue voor die koms van Christus onder leiding van die Gees van God treffend soos volg geteken: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesinggekome" (Jes. 53:5).

Deur sy borgtogtelike lyde het Christus die sondeskeiding tussen God en ons weggeneem en ons weer by God, die enige en ewige Bron van geluk en saligheid, gebring. So het Christus dus dit gedoen waarvan Petrus soos volg getuig: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges om ons tot God te bring" (I Petr.3:18).

Wie waarlik in Christus glo, deel in die verlossing en saligheid wat Hy deur sy bittere lyde bewerk het. Wie nie in Hom glo nie, moet die lyde wat Hy verduur het, ewig in die hel verduur.

Miskien sal u wil vra: Maar waarom moes God dan die sonde op die wyse straf? Kon Hy dit nie maar deur die vingers sien, of geïgnoreer het nie?

Nee, Hy kon nie, want Hy is 'n regverdige God. Geregtigheid en regverdigheid is 'n openbaring van sy Wese. Hy kan nie anders as om geregtigheid te betrag, en dus die sondes regverdiglik te straf nie. Hy sou geen regverdige God gewees het, as Hy die sonde maar ongestraf gelaat het nie.

Maar in sy straf sien ons ook sy oneindige liefde. Hy neem die sondes van ons af weg, plaas dit op sy eie, geliefde Seun, Jesus Christus, en straf Hom in ons plek daarvoor. So lief het Hy ons, dat Hy sy Seun in ons plek laat ly het om ons te red.

Al wat ons moet doen, is om te glo: te glo in God; te glo in sy Seun, Jesus Christus, ons Saligmaker en Verlosser; te glo dat

hulle saam te lewe, sal die blote verkeer tussen hulle al 'n geweldige lyde wees. Dit gee ons 'n vae idee watter lyde dit vir die heilige Christus, die Seun van God, moes gewees het om na die sondige aarde te kom en onder sondige mense te woon.

Christus het egter veral aan die einde van sy lewe op aarde verskriklik gely: Hy is verraai deur een dissipel, en verloën deur 'n ander een; Hy is bespot op die mees uiteenlopende maniere; Hy is in die gesig geslaan; die dorings van 'n doringkroon wat op sy hoof geplaas is, is dieper ingeslaan; Hy is gegésel en uiteindelik aan die kruis gespyker om in die vreeslikste pyn tussen hemel en aarde in die felle Oosterse son te hang.

Daarby kom nog die onbeskryflike sielelyde wat Hy ervaar het. Iets daarvan merk ons as Hy as waaragtige mens in die tuin van Getsémané bang is vir die vreeslike lyde en smarte wat op Hom wag, sodat Hy ernstig bid dat, as dit moontlik is, die Vader Hom dit moet spaar. Aan die ander kant betoon Hy Hom daar tog ook weer ten volle gewillig en bereid om die wil van sy Vader te doen. So 'n geweldige sielelyde en sielestryd was dit vir Hom dat 'n engel uit die hemel Hom moes kom versterk het, en dat sy bloed deur sy vel gepers en met sweet gemeng en op die grond gedruppel het.

Hierdie sielelyde het sy hoogtepunt bereik toe Hy aan die kruis gehang het en tydens drie uur duisternis deur God verlaat was. Toe het Hy die onuitspreeklike smarte van die hel gely wat almal sal moet ly wat nie in Hom glo, en dus nie deel in sy verlossing nie.

Die verskriklike smarte het Christus gely om ons te verlos. Daarom noem ons dit 'n borgtogtelike lyde. Dit beteken dat Hy in ons plek gely het om ons van ons sondes te verlos.

Hy reeds by sy ontvangenis en geboorte sondeloos, rein en volkome heilig. So was Hy in staat gestel om met die volkome sondeloosheid en heiligheid waarin Hy ontvang en gebore is, ons onheilige en sondige ontvangenis en geboorte voor die aangesig van God te bedek.

Omdat Hy verwek is deur God die Heilige Gees, en gebore is uit die mens Maria, kon Hy sowel Seun van God as Seun van die mens genoem word.

Met sy ontvangenis en geboorte het Christus wat die Seun van God is, nie 'n mens geword, of in 'n mens verander nie. Nee, Hy wat van alle ewigheid af waaragtige God is, en dit sal wees tot in alle ewigheid, het met sy geboorte uit die maagd Maria sy heerlike, goddelike kleed uitgetrek om Hom te beklee met die nederige kleed van ons deur die sonde verswakte menslike natuur, sodat Hy in hierdie menslike natuur vir ons sondes kon betaal en versoening tussen God en ons kon bewerk.

Christus as ewige God en as ewige Seun van God moes Homself dus geweldig verneder het om ons te kon red.

Van hierdie vernedering spreek nie net die feit dat Hy ons menslike natuur wat deur die sonde verswak en ontadel is, moes aanneem nie, maar ook die omstandighede waaronder Hy gebore is. Hy is gebore in 'n stal, en neergelê in 'n krip as gevolg van die bevel van Augustus, die destydse Romeinse keiser, dat 'n sensus gehou moes word en dat al sy onderdane na hulle eie stede of dorpe moes gaan om daar as sy onderdane opgeskryf te word. So het dit gekom dat Maria en Josef, haar man, na Betlehem moes gaan. Daar is hulle en ook Jesus opgeskryf as onderdane van Augustus.

Op hierdie wyse is die raadsplan van God egter vervul. Eeue tevore het Hy reeds deur een van sy profete aangekondig dat

Christus, die Saligmaker, in Betlehem gebore sal word. En Hy is gebore in die allernederigste omstandighede, sodat niemand ooit kan sê dat sy hart en lewe te nederig en onaansienlik is dat Christus daarin sou wil woon en ook vir hom 'n Saligmaker sou wees nie.

Christus, die ewige Seun van God, moes Hom diep verneder om ons te kon vind, en te kan red. Hy moes 'n kind word, die kind van 'n mens. Maar daarom eis Hy ook van ons dat ons ons moet verneder, al ons hoogmoed, trotsheid en sondige eiewaan moet aflê en "soos kindertjies word" om Hom werklik in die geloof te kan ontmoet om deur Hom gered te word.

4.2 Sy jeug.

Van die jeug van Jesus Christus weet ons nie veel nie.

Ons weet wel dat die jaloerse en moorddadige koning Herodes Hom wou doodmaak, en dat Josef en Maria, ná 'n goddelike waarskuwing, met Hom na Egipte moes vlug. Daarin sien ons weer sy vernedering. Hy, die Seun van God, wat opgeskryf is as 'n "onderdaan" van keiser Augustus, moes nou weer vlug vir die mens Herodes.

Van sy jeug weet ons verder dat Hy op twaalfjarige leeftyd saam met Josef en Maria na 'n fees in Jerusalem gegaan het, en ná die fees in die tempel agtergebly het en daar met die leermeesters gesels het, en toe reeds iets van sy goddelike wysheid geopenbaar het, sodat almal wat Hom gehoor het, verbaas was oor sy verstand en sy antwoorde.

Hy openbaar Hom daar ook as Seun van God, as Hy in antwoord op Maria se verwyf dat sy en Josef Hom met angs gesoek het, aan haar sê: "Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?" (Luk. 2:49).

in Hom uit te doof. Hulle kon egter nie daarin slaag nie, want die getal wat in Christus as Saligmaker geglo het, het by die dag toegeneem.

Deur die volstreekte verwerping van Christus deur die leiers en grootste deel van die Joodse volk, het hulle die oordeel van God oor hulle gehaal. Dit is voltrek in die jaar 70 n.C. toe Jerusalem op die mees afskuwelike wyse deur die Romeine verwoes is en baie duisende Jode gedood is. Van toe af was die Joodse volk 'n verstrooide en vervolgte volk.

4.7 Sy lyde.

Uit die voorgaande kon ons wel iets merk van die lyde van Christus. Sy lyde is egter van so 'n sentrale betekenis dat ons afsonderlik daaraan aandag moet skenk. Trouens, Christus het juis na die aarde gekom om in ons plek en vir ons sondes te ly, sodat ons daarvan verlos kan word.

As ons die lyde van Christus tot ons verlossing gaan oordink en bespreek, moet ons net onthou dat ons die volle diepte en omvang daarvan met ons beperkte verstand en gebrekkige insig nooit sal kan verstaan nie. Die omvang daarvan is te groot vir enige menslike begrip. Daarby het Christus nie slegs na sy liggaam gely nie, maar in veel groter mate na sy siel, en daardie sielelyde kon geen menslike oog raaksien nie, en geen menslike intelligensie kan die volle betekenis daarvan verstaan nie.

Ons moet ook nie die fout maak om te dink dat Christus slegs aan die einde van sy lewe op aarde gely het nie. Nee, Hy het gely van die begin af. Vir Hom wat kom uit die reine, heilige en sondelose hemel, was die blote verkeer op 'n sondige aarde tussen sondige mense al 'n lyde.

As 'n persoon wat 'n hoog-beskaafde kultuur gewoon is, skielik verplaas word om tussen onbeskaafde barbare te woon en met

nie. Christus het egter met hulle omgegaan, juis om hulle van hulle sondes te laat afsien, en hulle die weg tot saligheid te wys. In opregte liefde om hulle te red, het Christus Hom tot hierdie laag gesonkenes gewend, maar so 'n gesindheid kon die Fariseërs en Skrifgeleerdes in hulle onbarmhartigheid net nie verstaan nie, en daarom was Christus verwerplik in hulle oë, net soos die hoere en tollenaars met wie Hy omgegaan het.

Christus het deur sy prediking en wonders groot skares getrek, en dit het dié leiers met jaloesie vervul. Hulle het gereken dat hulle as wettige leiers van die volk sulke groot skares moet trek. Toe Christus wat vir hulle 'n onaanneemlike persoon was, egter die groot skares trek en mense aan Hom bind ten koste van hulle, kon hulle dit net nie vat nie. Hulle het Christus beskuldig dat Hy die skare verlei, maar die beskuldiging was eintlik maar net 'n rookskerm om hulle jaloesie te bedek. En toe Hy hulle telkens voor die volk skaakmat gesit het as hulle met listige strikvræe na Hom kom om iets te kry waarvan hulle Hom kon beskuldig en by die Romeinse owerheid kon aankla, het die jaloesie gegroei na wrewel en haat teenoor Hom, sodat hulle begin soek het na 'n geleentheid om Hom dood te maak.

Uiteindelik het hulle Judas, een van Christus se twaalf dissipels, met geld omgekoop om Hom aan hulle oor te lewer. Daarna beskuldig hulle Hom vals voor die Romeinse goewerneur, Pontius Pilatus, en dwing hom op listige wyse om Christus die smadelikste vloekdood van die tyd te laat sterwe, deur Hom aan 'n kruis vas te spyker en daar te laat hang tot Hy dood is.

Die verset van die Jode teen Christus het ook ná sy opstanding uit die dode voortgegaan. So het hulle die Romeinse soldate wat Christus se graf bewaak het, met geld omgekoop om te sê dat sy dissipels Hom uit die graf gesteel het. Hulle het ook die Christene vervolg en doodgemaak, en so probeer om alle geloof

Maar direk daarna word sy vernedering weer aan ons voorgehou as gesê word dat Hy saam met Josef en Maria na Nasaret gegaan het, en hulle onderdanig was. Hy, die Seun van God, onderdanig aan sondige mense. Dog, so het Hy ook die wet van God vervul wat ons beveel om ons vaders en moeders te eer.

4.3 Die begin van sy openbare optrede.

Jesus Christus se openbare optrede het begin op ongeveer dertig-jarige leeftyd toe Hy deur Johannes die Doper gedoop is. Johannes die Doper was die voorloper en wegbereider van Christus. Deur sy prediking moes hy die mense leer om hulle eie sondes raak te sien, sodat hulle steeds meer en meer kon verlang na iemand wat hulle van hulle sondes kan verlos, na 'n Saligmaker dus. So sou hy vir hulle die weg baan en hulle heenlei na Christus, die Saligmaker.

Op sy versoek is Jesus deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop.

Die doop is 'n afbeelding van die afwassing van sondes. Christus het egter geen sondes gehad nie, en daarom was die doop nie vir Hom nodig in die sin wat dit vir die mense nodig is nie.

Tog het Hy hom laat doop, omdat Hy al ons sondes op Hom geneem het, en ons volkome daarvan sou verlos. So was sy doop dus 'n heenwysing na sy lyde tot verlossing van ons sondes.

Na sy doop is Christus gesalf met die Heilige Gees wat in die vorm van 'n duif uit die hemel op Hom neergedaal het. Hierdie salwing met die Gees het beteken dat Hy deur God uit die hemel aangewys is as die ware Saligmaker en Verlosser van sondes. Verder het hierdie salwing beteken dat Hy na sy menslike natuur

verder deur die Heilige Gees versterk en bekwaam gemaak sal word om waarlik 'n Verlosser en Saligmaker te wees deur in ons plek die vreeslike toorn van God op die sondes te dra en ons daarvan te verlos.

Na sy doop en salwing deur die Heilige Gees is Hy deur die Heilige Gees weggelei na die woestyn om daar deur Satan versoek te word. Drie maal het Satan Christus versoek en Hom probeer verlei om aan hom, Satan, gehoorsaam te wees. Indien hy in sy doel sou slaag, sou hy by voorbaat al die verlossingswerk van Christus tot niet maak. Dan sou hy immers toon dat Christus aan hom gehoorsaam is, en nie onvoorwaardelik aan God nie.

Satan het egter nie in sy doel geslaag nie. Elke keer het Christus hom oorwin, nie met 'n goddelike magsdaad nie, maar met 'n verwysing na wat God in sy Woord gesê en beveel het. Hierdie oorwinning oor Satan was 'n profetiese heenwysing na die finale en totale oorwinning wat Christus uiteindelik oor hom sou behaal.

Tot die begin van Christus se openbare optrede hoort ook die kies van die twaalf dissipels. Dit was nie sonder rede dat Christus hierdie dissipels gekies het om altyd by Hom te wees nie. Hy het dit gedoen, sodat hulle getuies kon wees van alles wat Hy gedoen en gesê het om dit later, na sy hemelvaart, weer aan die ander mense te verkondig en dit ook vir die latere geslagte op skrif te stel. Hy het hulle dus uitgekies om die evangelie, die blye boodskap van verlossing deur Christus ons Saligmaker, die wêreld in te dra, sodat ander mense ook in Hom kan glo, en so gered kan word.

4.4 Sy prediking.

'n Baie groot deel van Christus se drie jaar lange openbare optrede as Saligmaker en Verlosser het bestaan uit prediking en

Hierdie verlossing van die gevolge van die sonde, soos siekte, dood; pyn en smart, het ook heengewys na die algehele verlossing van sonde deur Christus wat ons egter eers hiernamaals op die nuwe aarde sal ervaar waar daar geen dood of lyde of leed in enige vorm sal wees nie.

4.6 Groeiende haat van die Jode teen Christus.

Van die begin van sy openbare optrede af was dit duidelik dat Christus en die destydse Joodse leiers, naamlik die Fariseërs en die Skrifgeleerdes, glad nie om dieselfde vuur sit nie. Verskeie redes was daarvoor verantwoordelik.

Christus het 'n ander verklaring van die Wet van God gegee as hulle. Hulle het selfgemaakte byvoegings by die Wet van God geplaas en hierdie menslike bepalinge eintlik in die plek van God se Wet gaan stel. In hierdie bepalinge het hulle die nadruk veral gelê op uiterlike vroomheid en heiligheid, en dit het aanleiding gegee tot skynheiligheid in hulle lewens. Christus het hulle mensgemaakte wette egter onomwonde verwerp, en hulle openlik van skynheiligheid beskuldig. Hy het gesê dat 'n mens eers innerlik rein moet wees deurdat jy in die regte verhouding tot God staan, en hierdie innerlike reinheid moet uitgroei na die buitekant van die lewe. Dan is dit eers eg; en het God 'n behae daarin.

Christus was verder onaanneemlik vir die Fariseërs en Skrifgeleerdes, omdat Hy omgegaan het met die sogenaamde slegte mense uit die Joodse volk, met name die hoere en die tollenaars. Laasgenoemdes was die persone wat die belasting vir die Romeine onder die Jode moes insamel, maar meer ingesamel het as wat hulle moes, en die Jode so besteel het. Hierdie mense is deur die Joodse leiers beskou as honde, as die uitvaagsels van die Joodse volk. Met hulle moes 'n ware diensknege van die Here, volgens die leiers, nooit gemeng het

en huppel, ensovoorts, maar Hy het ook dooies lewendig gemaak. Hy het verder ook wonders in die natuur verrig: storms stil gemaak, groot visvangste bewerk, brode vermeerder, ensovoorts.

Hierdie wonders het 'n besondere betekenis.

Daardeur moes die mens se oë geopen word om te sien dat hulle hier nie maar net met 'n besondere mens te doen het nie, maar dat Hy waaragtig God is, want alleen iemand wat waarlik God is, kan sulke dinge doen.

Die wonders was dus 'n bevestiging van die prediking van Jesus dat Hy die ware Saligmaker en Verlosser is. Dit moes dien om die mense te help om te glo dat Hy werklik die Heiland en Saligmaker is, soos Hy hulle in sy prediking geleer het.

Dat dit die doel van sy wonderwerke was, het Christus ook onomwonde gesê. In Johannes 10: 24 en 25 lees ons: "En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons rondit. Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, die getuig van My". Die wonderwerke van Christus getuig dus van die waarheid van sy prediking dat Hy die Christus, Verlosser en Saligmaker is.

Om waarlik ons Saligmaker te kan wees, moes Christus ons van ons sondes verlos. En om nou te toon dat Hy gekom het om ons van ons sondes te verlos, en dat Hy ook mag het om dit te doen, het Hy onder andere by 'n sekere geleentheid eers aan 'n verlamde persoon wat in Hom geglo het, gesê dat sy sondes vergewe is, en daarna getoon dat Hy die mag het om sondes te vergewe deur die man van sy siekte - wat 'n gevolg van die sonde is - te genees (Luk. 5:17-26).

onderwys wat Hy gegee het. En hoe 'n geweldige Prediker en Onderwyser was Hy nie!

Magtig en aangrypend was sy prediking, en tog was dit so eenvoudig dat almal dit kon verstaan. Verruk oor sy woorde het die wat na Hom geluister het, uitgeroep: Nog nooit het 'n mens so gespreek soos Hy nie!

Niemand kon onder sy onderwys of prediking dieselfde bly nie, want elke woord wat Hy uitgespreek het, het die hart van die mens getref. Deur sy prediking het Hy verskeurde harte vertroos en genees, maar klipharde en verwaande harte oopgeskeur.

En weet u waarom die onderrig van Christus die mens so diep raak? Omdat Hy wat nie net waaragtige mens is nie, maar ook waaragtige God, ons lewe met al sy probleme die diepste kan peil; omdat Hy ons nood die beste verstaan; omdat Hy ons grootste lewensvrae die suiwerste sien en daarop die raakste antwoorde kan gee.

Dit is feitlik onmoontlik om die inhoud van die prediking van Christus kort weer te gee. Maar as dit moet, kan ons dit die beste doen in Christus se eie woorde, toe Hy gesê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag, en my las is lig" (Matt. 11:28-30).

Ons kan met die oog hierop sê dat Jesus Christus self die inhoud van sy prediking en onderwys was. Christus wil ons dus leer dat ons alléén van ons sondes verlos kan word en die ewige lewe en saligheid kan verkry deur met al ons probleme en sondes na Hom te kom, en waarlik in Hom te glo as die enige, ware Saligmaker en Verlosser van sondes.

Johannes die Doper het reeds van Hom getuig: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:36). En Christus het verder van Homself getuig: "Wie in My glo, het die ewige lewe ... Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe ... Ek is die weg, die waarheid en die lewe" (Joh. 6:47; 11:25; 14:6).

Omdat Christus ten volle vir die sondes van sy volk sou betaal en later betaal het, moes en moet almal in Hom glo om gered te word. Dit is wat Hy sy volk vroeër wou, en vandag nog wil, leer.

In sy onderrig het Christus dit verder baie duidelik gestel dat daar net twee bestemmings vir die mens is: die ewige vreugde of die ewige smart, en alle mense moet by een van die twee bestemmings aanland.

Na die twee bestemmings loop daar twee weë.

Die een is 'n breë pad - 'n pad waarop 'n mens Christus as Saligmaker verwerp; 'n pad waarop 'n mens heerlik kan wandel in die genietinge van die sonde; 'n pad waarop jy jou nie laat bind deur gebooi van God of sedelike reëls nie, maar lewe net soos jy wil. Dit is die pad wat uitloop op die ewige smarte en, sê Christus, daar is baie wat daarop wandel.

Die ander pad is 'n smal pad - 'n moeilike pad, 'n pad van stryd téén die sonde, maar vir gehoorsaamheid aan die wil van Christus; 'n pad waarop ek my nie deur my eie luste en begeertes laat voorsê hoe om te lewe nie, maar my laat lei deur Christus, my groot Leermeester. Hierdie pad, so leer Christus ons, loop uit op die ewige lewe en saligheid, en daar is min wat dit vind. Dit kan slegs gevind word deur die geloof in Jesus Christus as Saligmaker en Verlosser.

Die gelowige aanvaarding van die prediking en onderwys van Christus is vir ons van allergrootste belang. Wie deur Hom onderrig word, en Hom in sy onderrig gelowig aanneem, word 'n verlose van sonde, 'n kind van God, 'n erfgenaam van die ewige lewe. Daar kom perspektief in die lewe van so 'n persoon. Hy staar hom nie meer blind teen die aardse en verganklike dinge nie, maar sien dat daar om Christus ontwil 'n ewige lewe en vreugde op hom wag. In sy ellende en teëspoed word hy daardeur getroos, want hy weet dat daar enkel geluk vir hom weggeleë is. In 'n tyd van droefheid word hy getroos, want hy weet dat daar 'n tyd kom wanneer God ter wille van die verdienste van Christus, sy Saligmaker, al die tranes van sy oë sal afvee.

So kom daar rus in sy gemoed en vrede in sy hart. Dan ervaar hy die waarheid van die beloftewoord van Christus: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Is dit ook so in u lewe?

As u verder deur Christus onderrig en geleer wil word, neem dan die Bybel, die Woord van God, en lees, bestudeer en oorpeins dit. Daarin is die volle onderwys van Christus in die verskillende boeke van die Ou en Nuwe Testament saamgevat. Lees dit biddend, ondersoekend en met 'n geopende hart. So sal u lewe verryk word met 'n ewige, onvernietigbare rykdom.

Christus roep: Kom leer van My!

U móét gaan!

4.5 Sy wonderwerke.

Tydens sy omwandeling op aarde het Jesus Christus besonder baie wonderwerke gedoen. Hy het veral baie genesingswonders gedoen: siekes gesond gemaak, blindes laat sien, dowes laat hoor, stommies laat praat, kreupeles en verlamdes laat opspring